*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/15)* justchad_cga

*Justin Chadwick (5 Junie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "There are only two ways to live your life. One is as though nothing is a miracle. The other is as everything is a miracle" Albert Einstein***


## 2015 SITRUS STATISTIEKE BOEK IS NOU BESKIKBAAR


John Edmonds (CGA Inligtingsbestuurder) gaan die Stats Boek vir 2015 vandag aan alle produsente pos – laat ons asseblief weet as jy dit nie ontvang het nie. Die jongste boomsensus word ook in die boek gedek – toon dat die area onder sitrus stabiel gebly het. Die area onder Valencia tipe lemoene en pomelo's het beide afgeneem; nawel tipe lemoene het stabiel gebly terwyl area onder sagte sitrus en suurlemoene beide vermeerder het. Daar is ook 'n paar veranderinge in die streeksverspreiding van die area onder sitrus (sommige beter weens die beter identifikasie van die ligging van die boorde). Limpopo, Oos-Kaap en Wes-Kaap het die area onder sitrus vermeerder; terwyl Mpumalanga, KZN en Noord-Kaap die grootste afname getoon het.


| HEKTARE | 2014 | 2015 | Diff |
|---|---|---|---|
| Valencias | 26869 | 25654 | -5% |
| Nawels | 15624 | 15640 | 0% |
| Pomelo's | 9405 | 8798 | -6% |
| Sagte Sitrus | 6401 | 7722 | 21% |
| Suurlemoene | 5904 | 6696 | 13% |
| | 64203 | 64510 | 0% |


| HEKTARE | 2014 | 2015 | Diff |
|---|---|---|---|
| Limpopo | 23970 | 26960 | 12% |
| Oos-Kaap | 14770 | 16752 | 13% |
| Wes-Kaap | 9232 | 10214 | 11% |
| Mpumalanga | 9375 | 5255 | -44% |
| Kwazulu-Natal | 3192 | 2119 | -34% |
| Noord-Kaap | 1451 | 1122 | -23% |
| Swaziland | 1142 | 1068 | -6% |
| Zimbabwe | 784 | 784 | 0% |
| Noordwes | 286 | 236 | -17% |
| | 64202 | 64510 | 0% |

Die verandering in areas wat onder sitrus is word deur die tendense van die historiese uitvoervolumes bevestig. Uitvoere van lemoene is stabiel met 'n effense toename, terwyl uitvoere van pomelo's baie wissel, maar oor die algemeen afwaarts neig. Uitvoere van beide suurlemoene en sagte sitrus toon 'n toename.




## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 21 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 12.0 m | 10.5 m | 9.1 m | 7.4 m | 6.4 m | 15.3 m | 14.4 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 3.9 m | 4.5 m | 4.5 m | 3.4 m | 3.5 m | 10 m | 9.7 m | 10 m |
| Suurlemoene | 5.5 m | 6.2 m | 6.9 m | 4.8 m | 5.5 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 6.2 m | 5.4 m | 5.8 m | 2.3 m | 2.8 m | 25.1 m | **24.4 m** | 26 m |
| Valencias | 0.4 m | 0.3 m | 0.2 m | 0.1 m | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 28.0 m | 26.9 m | 26.5 m | 18 m | 18.2 m | 113.1 m | 111.2 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**